DEUR LETITIA WATSON

DIE BESTE RAAD

Dis belangrik om vir eendag voorsiening te maak. Maak dus seker jy gebruik die regte makelaars

TWEE weke gelede het ons gesels oor korttermynversekering en die verskil tussen direkte versekeraars en dié wat makelaars gebruik. Die langtermynversekeringsbedryf is heelwat groter as die korttermynversekeringsbedryf, en dek van aftreevoorsiening tot begrafnis- en studiepolisse.

Ook hier kan jy kies tussen direkte versekering of 'n makelaar, maar onlangse navorsing van die Discovery-groep wys direkte lewensversekering kos gemiddeld 9 persent meer as wanneer jy 'n makelaar gebruik, en die voordele is nie so omvattend nie. Dit het heelwat mense weer na hul polispremies laat kyk.

Dit beteken egter nie alle makelaars gaan jou die beste opsie gee nie.

Wetsgehoorsame makelaars

Om die beste finansiële raadgewer te kan kies, moet jy weet wat om van hulle te verwag. Eerstens, maak seker die raadgewer is by die Raad op Finansiële Dienste (RFD) geregistreer en gelisensieer. Hy moet jou sy lisensie kan wys.

Verteenwoordigers van 'n bepaalde finansiëledienste verskaffer soos Ou Mutual of Sanlam word by dié raad geregistreer. Om iemand se gelisensieerde status na te gaan, besoek die RFD se webtuiste by www.fsb.co.za of bel 0800-110-443.

Kenners beveel raadgewers aan wat tot 'n beroepsliggaam soos die Suider-Afrikaanse Tussengangersvereniging vir Finansiële Dienste behoort. (Hul webtuiste is by www.fia.org.za.)

Die lede word op die hoogte gehou van wetsveranderings en bedryfsontwikkelings. Daar word ook met arendsoë na hul sake gekyk.

Produkte

Finansiële raadgewers word volgens hul kwalifikasie en ervaring gelisensieer vir die soort beplanning wat hulle mag doen. Dis jou reg om jou eie makelaar te kies, maar dié is dalk nie gelisensieer om jou die beleggingsprodukte te gee wat jy nodig het nie.

Jy mag vra om hul lisensie te sien, wat sal aandui vir watter produkte hulle gelisensieer is. As hulle nie die kwalifikasie het om sekere produkte te bemark nie, het hulle nie die nodige kennis oor daardie bepaalde produk nie.

Raadgewers wat aan 'n bepaalde finansiëledienstegroep verbonde is, sal net dié maatskappy se produkte bied. Maar as daar 'n ooreenkoms tussen byvoorbeeld Sanlam en Ou Mutual is, kan sekere van hul verteenwoordigers wel bepaalde produkte van die ander maatskappy bied.

Makelaars se finansiële advies is veronderstel om onafhanklik van 'n bepaalde maatskappy te wees en hulle moet jou produkte, kwotasies en koerse van verskillende maatskappye gee om die mees gepaste finansiële oplossing te kan bied. Vra nog produkopsies; moenie die eerste as die beste aanvaar nie.

Diens

Die raadgewer moet jou finansiële behoeftes en risikoprofiel bepaal en ontleed voor 'n produk aan jou verkoop word. Sodoende kan jy seker wees jou behoeftes en versoeke, en ook jou inkomste, uitgawes, bates en skuld word in ag geneem.

Hulle moet na jou bestaande dekking kyk: wat jy self of deur jou werk het en jou pensioen- of voorsorgfonds. Hulle moet die belastingimplikasies van jou besluite verduidelik en na jou boedelbeplanning kyk.

Dan word 'n beleggingsplan saamgestel om enige tekorte aan te vul na gelang van jou lewensfase, gesondheid, verdienstevermoë, afhanklikes en verwagte aftreeouderdom.

Alle gelde en koste van die produkte en wat die raadgewer verdien, moet in die polis aangedui word. Vra dat die raadgewer dit verduidelik.

Jou rol

Weerhouding van inligting, selfs al is dit onopsetlik, is een van die hoofredes waarom eise in die lewensversekeringsbedryf verwerp of nie ten volle uitbetaal word nie, toon inligting van Liberty Life. Daarom is dit belangrik dat jy die regte inligting oor jou gesondheid en leefstyl gee wanneer jy 'n polis uitneem. Dit behels ook enige siektes of diagnoses wat jy al gehad het.

'n Mediese toestand wat uitgelaat word, word nie onderskryf nie en nie in ag geneem by die berekening van jou premie nie. Eise wat dan uit daardie toestand ontstaan, sal nie betaal word nie. As jy byvoorbeeld stilgebly het oor jou suikersiekte en jy verloor 'n voet weens swak bloedsirkulasie ('n bekende simptoom van die siekte), kan jou eis moontlik afgewys word. □

'Pret is soos lewensversekering: Hoe ouer jy raak, hoe duurder word dit'

KIN HUBBARD, AMERIKAANSE HUMORIS EN JOERNALIS (1868-1930)

wenk **Besoek jou makelaar twee keer per jaar oor jou beleggingsportefeulje.**